

**SKRIFGEDEELTE: 2 KORINTIËRS 10:1-18**

**FOKUSGEDEELTE: 2 KORINTIËRS 10:17**

## **Selfvertroue of geloofsvertroue?**

Mense word gewoonlik in een van twee kategorieë ingedeel: dié met 'n oormaat selfvertroue en dié met te min daarvan. In watter kategorie behoort ons as gelowiges te wees? Moet ons maar “die goue middeweg” opsoek?

Hoofstuk 10, waarin Paulus sy gesag as apostel verdedig, wys vir ons dat die gelowige eintlik nie in een van die kategorieë tuishoort nie en ook nie met 'n middeweg mag volstaan nie. Nee, in die Here is daar 'n ander weg.

Paulus se opponente daar in Korinte het duidelik in die eerste kategorie ingepas. Hulle was Judaïste wat hulle op hulle afkoms en eie vroomheid beroem het (vs 12). Hulle het oorgeloop van selfvertroue. Daarteenoor was Paulus die ene nederigheid (vs 1) en swakheid (vs 10).

Tog tree Paulus nie op soos iemand met 'n gebrek aan selfvertroue nie. Hy tree streng en moedig op (vs 2) en sê sy opponente kragtig die stryd aan (vs 3-6). Waar kry hy die vertroue vandaan? Hy kry dit nie in homself nie, maar in die Here. Hy tree met geloofsvertroue op. Hy weet dat hy die Here se apostel is (vs 13). Daarom deins hy nie terug nie. Daarom mag hy nie terugdeins nie. Hy tree met volle vertroue in die Here op (vs 3-6).

Dit is ook hierdie selfvertroue wat die Here aan ons gee. Hy het ons sy kinders en diensknegte gemaak. Daarom tree ons nooit verskonend op nie. Ons roem, maar nooit in onself nie. Nee, wie roem, moet in die Here roem (vs 17).

*Sing: Psalm 40:2*

*Prof. GJC (Gert) Jordaan (Potchefstroom)*